

Vrydag 14 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 25:1-14

Fokusgedeelte: Jeremia 25:12
(1983-vertaling)

Die geskiedenis van die Ou Testament roep na Christus

God waarsku sy volk al sedert die tyd van Moses dat Hy hulle sal laat wegvoer uit die beloofde land as hulle ongehoorsaam is aan Hom (vgl. Deut. 28). Intussen was die volk voortdurend ongehoorsaam en die Here het geduldig gewaarsku. Uiteindelik is die tien noordelike stamme weggevoer deur die Assiriërs in 722 vC soos God gewaarsku het.

'n Mens sou dink dat die twee suidelike stamme (ook bekend as Juda) nou sou luister. Maar steeds volhard hulle in moedswillige ongehoorsaamheid. Ons lees hier selfs kort voor die ballingskap van Juda dat God steeds waarsku! Vir 23 jaar, vroeg en laat, praat God deur Jeremia steeds met hulle. Vroeg en laat stuur Hy sy profete, en Hy roep op tot bekering, maar hulle luister nie! Hulle probeer nie eers luister nie (vs 4)!

Sien jy hoe God sy kinders in liefde en genade, en met baie geduld, oor en oor waarsku oor jare? Maar aan hardnekkige ongehoorsaamheid maak God iewers 'n einde, want God is ook regverdig. En daarom kondig God hier as soewereine God aan dat Hy die volke van die noorde sal gebruik – Hy noem koning Nebukadneser van Babel selfs sy dienaar – om die oordeel oor Juda te voltrek, en hulle weg te voer in ballingskap. Dit is die hartseer geskiedenis van die Ou Testament, maar ook die hartseer geskiedenis van mense ná die sondeval voor God jou verander en jou nuut maak. 'n Lewe van hardnekkige ongehoorsaamheid wat God se straf verdien!

Dit alles roep na Christus! Hy is die enigste oplossing daarvoor! En ons sien iets daarvan in ons fokusvers, vers 12, as God aandui dat die ballingskap van Juda net 70 jaar sal duur. Dan sal God 'n klein oorblyfsel van Juda in sy groot genade terugbring na die beloofde land. Want Hy het 'n plan: uit Juda se nageslag sal Jesus uiteindelik gebore word, wat die oplossing sal bring!

Sing: Psalm 38-1:1, 17

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)